

28 Oktober

Hebreërs 12:1-13

(Teks: 12:9)

***"Veel meer aan die vader van die geeste onderworpe"***

Die tug is 'n noodsaaklike hulpmiddel by die opvoeding.

Daarsonder sou dit onmoontlik gewees het om kinders vir die lewe so groot te maak dat hulle sinvol as mense kon lewe. Hierdie opvoeding geskied in swakheid deur die ouers. Hulle tug is ook gebrekkig en nie altyd reg nie en tog het baie kinders in gelowige gesinne vir die ouers ontsag. Hulle onderwerp hulle vir daardie kort tydjie aan die tug van die ouers omdat hulle kinders is, en die wonder is dat hulle reg en betaamlik gaan lewe.

Nou praat die apostel hier in Hebreërs 12 met die kinders van God en hy vra: "Moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?". God se tug is altyd goed bedoel en reg vir sy kinders. Hy maak nie soos aardse ouers by sy opvoeding 'n fout nie. Sy tug is bedoel om die sonde af te breek en ons as ouers van God reg te laat lewe. Watter kind van God kan daarsonder? Die Here ken ons geheel en al. Hy weet hoe en wanneer Hy ons moet tugtig. Hieronder moet ons nie beswyk nie. Ons moet die tug aanvaar uit die hand van ons Vader. Ons moet vir Hom soveel meer ontsag hê as vir ons ouers. Wie hiertoe in staat gemaak word, sal lewe. Die bedoeling van die tug is immers nie om onnodig ons lewe moeilik te maak nie, maar ons lewe te heilig tot eer van God. So word ons van die verkeerde weë weggelei en wandel ons in God se weë. Dit is mos lewe in die ware sin van die Woord.

Sing Psalm 119:25 en Psalm 25:4 Ds. J.C. Buys (Johannesburg-Suid)